basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

RELIGIESTUDIES V1

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Die mens wat 'n barmhartige geestesingesteldheid bereik het, word 'n/die … genoem.

A bodhisattva
B monnik
C Dalai Lama
D Nirwana (1)

1.1.2 Wanneer 'n priester in Taoïsme vir 20 jaar studeer, kry hy of sy die rang van …

A Groot Meester.
B ghoeroe.
C kalief.
D gesaghebbende/geleerde. (1)

1.1.3 Hierdie skool van Boeddhisme staan ook as die Groot Weg/Voertuig bekend:

A Theravada
B Mahajana
C Tibettaans
D Zen (1)

1.1.4 Die Spaanse Inkwisisie het die volgende groepe ingesluit:

A Christene en Hindoes
B Katolieke en nie-Katolieke
C Boeddhiste en Christene
D Moslems en Hindoes (1)

1.1.5 Watter EEN van die volgende is NIE deel van die vyf Pilare van Islam NIE?

A Hadj
B Salaat
C Zakat
D Hadith (1)

1.1.6 Die Pous wat in 2025 oorlede is, was …

A Pous John Paul II.
B Pous Benedict XVI.
C Pous Francis.
D Pous Gregory. (1)

1.1.7 uMvelinqangi in Afrika Tradisionele Godsdiens verwys na …

A priesters.
B God.
C Satan.
D Oudstes. (1)

1.1.8 Die Dhammapada is die heilige boek van …

A die Christendom.
B Judaïsme.
C Boeddhisme.
D Sjintoïsme. (1)

1.1.9 Hierdie geleerde van wêreldgodsdienste het die Handves vir Barmhartigheid geïnisieer:

A Karen Armstrong
B Karl Marx Ludwig
C Swami Vivekananda
D Sathyagraha (1)

1.1.10 Voorbeelde van sinkretisme:

A Hindoeïsme en Boeddhisme
B Afrika-geïnisieerde Kerke en Sikhisme
C Taoïsme en die Bahà'i-geloof
D Judaïsme en die Christendom (1)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 'n Geestelike onderwyser in Hindoeïsme staan as … bekend. (1)

1.2.2 Die konsep wat God in menslike vorm verduidelik, staan as … bekend. (1)

1.2.3 In Afrika Tradisionele Godsdiens staan die toon van respek en empatie as … bekend. (1)

1.2.4 Die religieuse vertakking wat deur Martin Luther begin is, staan as … bekend. (1)

1.2.5 Die wêreldbeskouing wat religieuse oortuiging verwerp, maar klem op die menslike intellek plaas, staan as … bekend. (1)

1.2.6 'n Seremonie in die Christendom waar water as 'n teken van reiniging en nuwe lewe gebruik word, word … genoem. (1)

1.3 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. MOENIE enige antwoord meer as een keer gebruik NIE.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Verering van die voorvaders	A	ateïsme
1.3.2	Elke aksie het 'n gevolg	B	Drie-eenheid
1.3.3	'n Vertakking van Judaïsme	C	Afrika Tradisionele Godsdiens
1.3.4	God manifesteer as drie persone	D	karma
1.3.5	Wye verskeidenheid van geestelike oefeninge	E	Oosters-Ortodoks
		F	geloofsbelydenis
1.3.6	Ontkenning van die nuttigheid van geloof	G	meditasie
		H	ortodoks

(6 x 1) (6)

1.4 Kies die woord(e) in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord(e) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer en gee 'n rede waarom die antwoord NIE pas NIE.

VOORBEELD: Rooi; Geel; Sirkel; Blou
ANTWOORD: Sirkel
REDE: Die ander drie is kleure.

1.4.1 Ubuntu; Voorouers; Verassing; Modimo (2)

1.4.2 Brahma; Nirwana; Vishnu; Shiva (2)

1.4.3 Jahweh; Oludumare; Allah; Apokriewe (2)

1.4.4 Agnostisisme; Materialisme; Fundamentalisme; Sekulêre Humanisme (2)

1.4.5 Abu Bakr; Ali; Allah; Mohammed (2)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 'n Sjamaan is 'n Opperwese in Afrika Tradisionele Godsdiens. (2)

1.5.2 Die Nagmaal is 'n ritueel wat ter herinnering aan die voorouers gehou word. (2)

1.5.3 Boeddha-status word bereik, dit is nie ingebore nie. (2)

1.5.4 Hasidiese Jode verwelkom die invloed van die moderne lewe. (2)

1.5.5 Die filosofie van Karl Marx vorm deel van die ortodokse vertakking van die Christendom. (2)

1.6 In die konteks van godsdiens, skryf TWEE sinne oor ELK van die volgende:

1.6.1 Inspirasie (2)

1.6.2 Lering (2)

1.6.3 Pelgrimstog (2)

1.6.4 Lao-tzu (2)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 In die konteks van godsdiens, gee TWEE feite oor ELK van die volgende konsepte:

2.1.1 Anatman (4)

2.1.2 Allegorie (4)

2.1.3 Eendersheid (4)

2.2 Noem enige TWEE unieke kenmerke van ELK van die volgende godsdienste:

2.2.1 Boeddhisme (4)

2.2.2 Taoïsme (4)

2.2.3 Bahá'i-geloof (4)

2.3 Noem DRIE verskille tussen die *Christendom* en *Judaïsme*. Tabuleer jou antwoord. (6)

2.4 Onderskei tussen die volgende terme:

2.4.1 Nirwana en karma (4)

2.4.2 Talmoed en Hadith (4)

2.4.3 Mite en verhaal (4)

2.5 Bespreek kortliks die lering *gemeenskapslewenswyse* volgens Afrika Tradisionele Godsdiens (8)
[50]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MENSEREGTE EN VERANTWOORDELIKHEID

Die konsep van menseregte bestaan al vir eeue lank. Geloof in die skepping van die mensdom volgens die beeld en gelykenis van God het 'n integrale deel van die leerstellings van die Christendom, Judaïsme en Islam gevorm. Omdat mense na God se beeld geskape is (met ander woorde, 'n mens is 'n geestelike wese) moet mense gerespekteer word soos wat God gerespekteer word.

Die behoefte om 'n internasionale ooreenkoms rakende menseregte op te stel, het aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog noodsaaklik geword. Tydens hierdie oorlog het baie mense ander leed aangedoen op grond van nasionaliteit, ras, godsdiens en geslag. Om te voorkom dat dit weer gebeur, het die Verenigde Nasies (VN) die Universele Verklaring van Menseregte geskryf. Hierdie dokument het basiese menseregte genoem en verklaar dat alle lande hierdie regte moet erken.

Menseregte, soos deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie gedefinieer, is die 'basiese regte wat almal het bloot omdat hulle mense is'. Hierdie regte word genoem in die Handves van Menseregte wat deel van die Suid-Afrikaanse Grondwet vorm. Dit behoort aan almal en alle mense het dus die verantwoordelikheid om mekaar se regte te respekteer.

[Bron: *Focus on Religion Studies Grade 12*]

3.1.1 Wat verstaan jy onder die terme *menseregte* en *verantwoordelikheid*? (4)

3.1.2 Volgens die uittreksel, wat het tot die stigting van die Universele Verklaring van Menseregte gelei? (4)

3.1.3 Dink jy dat die Universele Verklaring van Menseregte in die wêreld van vandag ernstig opgeneem word? Gee redes vir jou antwoord. (6)

3.2 Hoe word godsdiensvryheid in Suid Afrika getoon? (10)

3.3 Maak 'n lys van VIER nadele om in 'n samelewing te leef wat godsdiensvryheid bevorder. (8)

3.4 Met verwysing na TWEE godsdienste wat jy bestudeer het, bespreek EEN lering wat godsdiensvryheid in ELKEEN bevorder. (8)

3.5 Na jou mening, wat is die redes vir 'n gebrek aan moraliteit in die moderne samelewing? (10)
[50]

VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ISRAEL-PALESTYNSE KONFLIK

Hamas* het op 7 Oktober 2023 'n dodelike aanval op Israel geloods, waar hulle gyselaars geneem het. Hierdie aksie het die Israelse Weermag ('IDF') aangespoor om lugveldtogte en grondaanvalle in die Gaza**-strook uit te voer. Op 15 Januarie 2025 het Amerika, Egipte en Katar aangekondig dat hulle 'n skietstilstand tussen Israel en Hamas bemiddel het om 15 maande se gevegte in Gaza te beëindig. Hamas het 33 van die oorblywende gyselaars vrygelaat, terwyl Israel honderde Palestyne uit Israelse tronke vrygelaat het.

Ontwortelde inwoners is toegelaat om na noord-Gaza terug te keer, en 600 vragmotors met humanitêre hulp is daagliks toegelaat om die gebied binne te gaan. Israel het egter op 18 Maart 2025 'n golf van aanslae en grondaanvalle in sentraal- en suidelike Gaza geloods wat die skietstilstand van ses weke beëindig het.

Hierdie konflik het streekspanning regoor die Midde-Ooste laat toeneem. Die IDF het ná maande van oorgrens-skermutselings met Hezbollah*** 'n grondaanval op Libanon geloods wat begin het om op noord-Israel toe te slaan. Jemen se Houthi-rebelle het missiele op Israel en op handelskepe in die Rooi See afgevuur. Groepe wat deur Iran ondersteun is, het ook dosyne aanvalle op Amerikaanse militêre posisies in Irak en Sirië geloods.

Die Israeliese kabinet het formeel oorlog teen Hamas verklaar, gevolg deur 'n opdrag van die minister van verdediging aan die Israelse Weermag om 'n 'volledige beleg' van Gaza uit te voer. Dit is die mees betekenisvolle eskalering van die Israel-Palestynse konflik in etlike dekades.

Vanaf Januarie 2025 is 1,9 miljoen inwoners van Gaza, ongeveer 96 persent van Gaza se bevolking, ontwortel en word hulle deur akute of katastrofiese voedselonsekerheid gekonfronteer. Daar is tans geen funksionerende hospitale in Gaza nie. Die oorlog het tot meer as 46 000 burgerlike Palestynse sterfgevalle gelei. Israel het in baie gevalle aangevoer dat hulle optrede nodig was omdat Hamas se oorlogstaktieke dikwels vegters gehad het wat hulle in burgerlike gebiede ingegrawe het.

*Hamas: die regerende politieke party in Gaza
**Gaza: Palestynse strook grond wat in 1967 deur Israel beset is
***Hezollah: 'n Libanese Sjia-Islamitiese politieke party en paramilitêre groep

[Aangepas uit www:cfr.org]

4.1.1 Wat het Hamas op 7 Oktober 2023 gedoen? (2)

4.1.2 Hoekom, dink jy, het hulle dit gedoen? Gee TWEE moontlike redes. (4)

4.1.3 Haal EEN sin uit die uittreksel aan om te toon dat hierdie konflik NIE in 2023 begin het NIE. (2)

4.1.4 Hoe het die skietstilstand op 15 Januarie 2025 ELK van die vegtende partye bevoordeel? (8)

4.1.5 Hoekom het hierdie konflik na ander lande versprei? (4)

4.1.6 Tot watter mate is godsdiens 'n deel van hierdie konflik? (6)

4.1.7 Stem jy saam met Israel se rede vir die hoë aantal burgerlike sterfgevalle onder die Palestyne? Gee redes vir jou antwoord. (8)

4.2 Met verwysing na enige TWEE godsdienste wat jy bestudeer het, bespreek hulle leringe oor konflik. (2 x 4) (8)

4.3 Stel praktiese strategieë voor wat godsdienstige organisasies kan gebruik om 'n samelewing vry van godsdienstige konflik te skep. (8)

[50]

VRAAG 5

5.1 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE AARTSBISKOP VAN CANTERBURY STAAR BEDANKING IN DIE GESIG

CNN, 12,2024

Aartsbiskop Justin Webley van Canterbury, die mees senior geestelike in die Anglikaanse Kerk, is onder toenemende druk om te bedank nadat 'n verdoemende verslag hom daarvan beskuldig het dat hy nie voldoende teen John Smyth, 'n sadistiese kindermishandelaar, opgetree het nie.

'n Hersiening van die kerk se hantering van 'afskuwelike' misbruik wat deur John Smyth gepleeg is, wek twyfel oor Aartsbiskop Justin Webley se posisie nadat bevind is dat 'hy 'n persoonlike en morele verantwoordelikheid gehad het om hierdie saak verder te voer' toe hy daarvan bewus geword het, terwyl 'n toesmeerdery deur die kerk se hiërargie gepleeg is wat 'op die hoogste vlak van die misbruik bewus was'.

Drie lede van die Anglikaanse Kerk se beheerliggaam, die Algemene Sinode, het nou 'n petisie begin wat eis dat Webley onmiddellik bedank.

[Aangepas uit www.Anews.com.au]

5.1.1 Wat beteken die woord *geestelike* wat in die artikel genoem word? (2)

5.1.2 Volgens die uittreksel, watter optrede word van die Aartsbiskop van Canterbury geëis? (4)

5.1.3 Verwys na paragraaf 2 en verduidelik wat met *toesmeerdery* bedoel word. (4)

5.1.4 Wat, dink jy, sal 'n regverdige straf vir John Smyth se optrede wees? (6)

5.1.5 Maak 'n lys van DRIE negatiewe gevolge wat hierdie artikel vir die godsdienstige gemeenskap kan hê. (6)

5.2 Beskryf kortliks enige TWEE aspekte van godsdiens wat die meeste media-dekking kry. Gee redes vir jou antwoord. (8)

5.3 Hoe moet godsdienstige organisasies op negatiewe mediapublisiteit reageer? (10)

5.4 Dink jy dat die Suid-Afrikaanse media regverdige dekking van godsdienstige kwessies gee? Gee redes om jou antwoord te ondersteun. (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou